Dinsdag **1 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 15:1-6**

**Fokusgedeelte: Genesis 15:6 (AFR83/2020)**

**Ons vertrou nie op leë beloftes nie**

Die verbond van die HERE begin met ’n belofte. In vandag se Skriflesing hoor ons ’n belofte van die kant van die HERE af, en dit word opgevolg deur ’n vraag van die kant van Abram af.

Voordat die HERE sy verbond met Abram gesluit het, het Hy hom eers geroep (Gen. 12:1-3) en daarna hom uit die hand van die Egiptenare gered (Gen. 12:10-20). Abram reageer deur God te aanbid (Gen. 13:18). Abram het God geglo sonder enige bewys dat God se beloftes sal waar word (Heb.11:1, 8-12). Abram ervaar nie dat die belofte van ’n nageslag waar word nie, en is bekommerd oor die voortbestaan van sy nageslag. Hy vra die HERE daaroor uit. Die HERE antwoord Abram deur sy belofte te bevestig, en aan hom die sterrehemel te wys. Die HERE se belofte van ’n nageslag staan so vas soos wat Abram al die sterre in die hemel raaksien.

Die begin van die verbond wat die HERE met sy kinders sluit, is gegrond op sy beloftes aan sy kinders, en dit is net so seker as wat ons bestaan op hierdie aarde ’n werklikheid is. Miskien was jy al in jou lewe in ongeveer dieselfde situasie as Abram. Daar word van jou gevra om in God te glo of op sy beloftes te vertrou. Jy gee dalk van jou finansiële voordele prys of laat ’n voordelige en goeie geleentheid by jou verbygaan omdat jy eerder gehoorsaam aan die Here wil bly. Jy raak moedeloos, want dit lyk nie of jou omstandighede vinnig gaan beter word nie. In tye van swaarkry word daar van jou as ’n Christen verwag om op die Here te bly vertrou.

Dit is nie leë beloftes waarop ons vertrou nie, maar is vervul en word vir ons werklikheid in Jesus Christus.

*Sing: Psalm 119-1:33*

*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*